



3 is GENOEG

'n saam-glo dissipelskap gesprek

Week van 15 – 21 April 2018 – Handeling 3:12-19

3 STAPPE

'n 3iG-groep is 'n saam-glo groep wat deur bid, groei en dien Jesus dieper volg. Drie mense wat kies om saam te bid, saam te luister en saam ons geloof te leef.

2 ANDER

Dit is slegs ek en 2 vriende wat 'n spontane groep vorm. Dit kan egter ook uit meer as drie mense wees: ons familie of vriende of kollegas of mense in die gemeente.

1 GESPREK

Ons maak weekliks met mekaar kontak (deur 'n koffie-afspraak of telefonies) rondom die gefokusde saam-gesels van die week. Die leier – wat elke week wissel - sorg dat ons mekaar daardie week sien.

saam B.I.D

Ons vind nie tyd vir gebed nie, ons maak dit.

B.I.D. staan vir:

B: Bely teenoor God Wie Hy vir jou is én bely ook jou gesukkel vir Hom.

I: Intree vir ander (bv. Jou 3iG-lede, jou familie, wêreld, ens.).

D: dankie-sê, maak daagliks jou dankie-lys en dank God daarvoor.

LEWENS-LEUSE: Bely elke oggend en aand oor die Woord: Rom. 6:8 "Ons het saam met Christus gesterwe; daarom glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe."

Handelinge vertel die verhaal van die apostels wat in die kragveld van die Heilige Gees getuies geword het van die lewende en opgestane Here Jesus in woord en daad "in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld" (Hand. 1:8). Die eindbestemming van hierdie getuienis oor die evangelie van Jesus Christus sou die wêreld-hoofstad van daardie tyd, Rome wees, wanneer Paulus daar aangehou word en die koninkryk van God met vrymoedigheid en sonder verandering verkondig het (Hand. 28:31). Lees nou Hand. 3:12-19.



Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.

saam GESELS

Jesus verwag van ons minder nastaar (admiration) en meer naleef (imitation.)

1. Deel met mekaar julle belewenis van die afgelope paastyd. Watter boodskap het vir julle uitgestaan? 2. In Hand. 3:1-11 vertel Lukas vir ons die verhaal van die genesing van die man wat van sy geboorte af lam was. Vir veertig jaar (4:22). Dié eens verlamde loop en spring terwyl hy God prys (3:8). Almal stroom in verwondering na Petrus en Johannes. Op wie laat hulle die kollig val in hulle getuienis? Gesels oor wie dikwels die fokus is van ons getuienis. 3. Probeer 'n lys maak van titels en beskrywings van Jesus in Petrus se toespraak. Wat dink julle sê dit vir julle in julle getuie-wees? 4. God bring deur die opwekking van Jesus uit die dood die bedeling van lewe in al sy volheid en oorfloed. Daarvan is die genesing van die verlamde simbolies. Vertel van 'n geleentheid toe julle getuienis deur die Heilige Gees lewe en hoop in 'n situasie van wanhoop en doodsheid gebring het. 5. Die effek van Gees-gedrewe getuienis lei tot geloof en bekering. Waar sien julle dit in die verhaal? Vertel van julle ervaring hieroor.

Geloofsgewoonte: **Diens.** God het elkeen van ons geskep vir 'n besondere dienswerk. Iets wat slegs jy vir God kan doen. Niemand anders nie. Hy het ons nie sonder rede gemaak nie. Deur jou diens is jy 'n skakel in God se ketting van dienswerkers om deur liefde en omgee God se liefde vir die wêreld te demonstreer. Lees Jes. 58:6-7; Joh. 12:26; Gal. 5:13.

Doen-dinge: 1. Vra vir jou man of vrou of kollega elke dag vir die volgende twee weke: "Wat kan ek vandag vir jou doen?" 2. Evalueer wat jy alles die afgelope week gedoen het. Wat was vir jouself? Vir ander? 3. Besluit om jou tot 'n spesifieke diens te verbind waar jy tyd, energie en jou talente in diens van ander kan gee. **Dink-dinge:** 1. Dink na oor wat Martin Luther King gesê het: "Almal kan groot wees, omdat almal kan dien." 2. Watter effek sal dit op jou lewe hê as jy leef om te dien?



Eers vorm ons gewoontes en dan vorm die gewoontes ons.